



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2023

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA – UITDAGING WAT KONGO NA AFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde benadeel word.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.
Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE REDES VIR DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR IN AUGUSTUS 1961?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waar, volgens die bron, was Wes-Berlyn geleë? (1 x 2) (2)

1.1.2 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die ekonomie van Oos-Duitsland teen 1961 gesukkel het? (3 x 1) (3)

1.1.3 Lys DRIE redes uit die bron waarom Khrushchev Westerse moondhede beveel het om Wes-Berlyn te ontruim. (3 x 1) (3)

1.1.4 Verduidelik wat word deur die stelling geïmpliseer: 'Hierdie massiewe breindrein het die DDR in ŉ stryd om oorlewing gedwing'. (1 x 2) (2)

1.1.5 Lewer kommentaar oor waarom Khrushchev Wes-Berlyn as ŉ *'swerende wond*' in Oos-Duitsland beskou het. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Gee TWEE redes uit die bron waarom president Kennedy besluit het om Wes-Berlyn nie te ontruim nie. (2 x 1) (2)

1.2.2 Definieer die konsep *vrye mense* in die konteks van die Berlynse krisis van 1961. (1 x 2) (2)

1.2.3 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit president Kennedy se stelling: "Terwyl ons gereed is om ons belange te verdedig, sal ons ook gereed wees om vrede na te streef"? (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat President Kennedy se reaksie op die Berlynse krisis van 1961 navors. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Wat, volgens die bron, was die hoofrede waarom Khrushchev besluit het om die grens op 13 Augustus 1961 toe te maak? (1 x 2) (2)

1.3.2 Waarom dink jy het die Westerse amptenare nie probeer om die doringdraad te verwyder nie? (1 x 2) (2)

1.3.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik die impak van die Berlynse Muur op die burgers van Berlyn. (1 x 2) (2)

1.3.4 Definieer die konsep *spioene* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. Gebruik die leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar op die teenwoordigheid van die polisie tydens die bou van die muur soos op die foto uitgebeeld. (1 x 2) (2)

1.5 Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D ondersteun rakende die Berlynse krisis van 1961. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes vir die bou van die Berlynse Muur in 1961 verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VAN 1975 DIE SLAGVELD VAN DIE KOUE OORLOG IN AFRIKA GEWORD?**

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, het die drie bevrydingsbewegings op 15 Januarie 1975 by Alvor in Portugal bymekaar gekom? (2 x 1) (2)

2.1.2 Noem die TWEE vereistes van die Alvor-ooreenkoms soos in die bron aangedui. (2 x 1) (2)

2.1.3 Waarom dink jy was dit onmoontlik vir die drie bevrydingsbewegings om Angola gesamentlik te regeer? (2 x 2) (4)

2.1.4 Definieer die konsep *anti-koloniale oorlog* in die konteks van die onafhanklikheid van Angola. (1 x 2) (2)

2.1.5 Lewer kommentaar op die stelling: 'Die bewegings het nou uitsluitlik hulp gesoek om hul posisies, soos teen mekaar bereken, te versterk'. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer die TWEE lande in die bron wat die MPLA in staat gestel het om die FNLA en UNITA uit Luanda te verdryf. (2 x 1) (2)

2.2.2 Lys DRIE redes uit die bron waarom die VSA en Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog van 1975 betrokke geraak het. (3 x 1) (3)

2.2.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom Suid-Afrika daarteen gekant was dat die MPLA Angola regeer. (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik waarom jy dink die VSA sy betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog ŉ geheim wou hou. (1 x 2) (2)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Watter bewyse in die bron dui daarop dat Rusland militêre steun aan die MPLA verleen het? (3 x 1) (3)

2.3.2 Gee TWEE redes uit die bron waarom Kuba Operasie Carlota van stapel gestuur het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Wat dink jy was die impak van die aankoms van die 36 000 Kubaanse soldate op die MPLA tydens die Angolese Burgeroorlog van 1975? (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron aan geskiedkundiges wat die redes vir buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975 navors. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap dra die bron oor met betrekking tot buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975? (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik hoe jy dink hierdie foto die uitkoms van die Angolese Burgeroorlog van 1975 kon beïnvloed het. (1 x 2) (2)

2.5 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2D die inligting in Bron 2A ondersteun met betrekking tot die betrokkenheid van buitelandse moondhede in die Angolese Burgeroorlog van 1975. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Angolese Burgeroorlog van 1975 die slagveld van die Koue Oorlog geword het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEID SOMER-VELDTOG VAN 1964 BYGEDRA TOT DIE TOEKENNING VAN STEMREG AAN SWART AMERIKANERS WAT IN DIE 1960's IN DIE VSA GEWOON HET?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Lys TWEE redes uit die bron waarom Mississippi teen 1964 die laagste persentasie van geregistreerde swart kiesers gehad het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Noem TWEE organisasies uit die bron wat tydens die Vryheid Somer-veldtog van 1964 saamgewerk het. (2 x 1) (2)

3.1.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom COFO-lede Noordelike blanke studente versoek het om by hulle tydens hul kiesersregistrasieveldtog aan te sluit. (2 x 2) (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op die siening van blankes in Mississippi se mening dat die aktiviste met kommunistiese leerstellings gebreinspoel was. (1 x 2) (2)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Definieer die konsep *aktivis* in die konteks van die Burgerregtebeweging in die VSA. (1 x 2) (2)

3.2.2 Waarom, volgens die bron, was die drie aktiviste in hegtenis geneem? (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik wat geïmpliseer word met die verklaring, 'Mississippi se wetstoepassers het ŉ verrassende gebrek aan kommer oor die nuus getoon'. (1 x 2) (2)

3.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die dood van die drie aktiviste tydens die Vryheid Somer-veldtog in Mississippi navors. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Wat dink jy was die doelwit van die FBI met die uitreiking van hierdie plakkaat? (2 x 2) (4)

3.3.2 Wat vertel die plakkaat jou oor die ondersteuning van die Vryheid Somer-veldtog binne die konteks van die Burgerregtebeweging? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B rakende die verdwyning van die drie aktiviste in Mississippi ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Wat, volgens die bron, was die impak van die moord en brutaliteit van die Vryheid Somer-veldtog op Amerikaners? (2 x 1) (2)

3.5.2 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat daarop aandui dat die Vryheid Somer-veldtog die politieke posisie van Swart Amerikaners drasties verbeter het. (2 x 1) (2)

3.5.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom sekere aktiviste nie oortuig was dat tradisionele politiek basiese burgerregte sou verseker nie. (2 x 2) (4)

3.5.4 Definieer die konsep *burgerregte* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.5.5 Noem TWEE nasionale leiers uit die bron wat Swart Amerikaners aangespoor het om hul regte 'op enige manier wat nodig is' aan te gryp. (2 x 1) (2)

3.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer agt reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Vryheid Somer-veldtog van 1964 bygedra het tot die toekenning van stemreg aan Swart Amerikaners wat in die 1960s in die VSA gewoon het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die Vietkong se vasberadenheid om Viëtnam onder 'n kommunistiese bewind te verenig, het daartoe gelei dat hulle die Amerikaanse betrokkenheid by die Viëtnamese oorlog vanaf 1965 tot 1975 gewelddadig teengestaan het.

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Mobutu Sese Seko se pogings om Kongo se ekonomiese en politieke uitdagings aan te spreek na die verkryging van onafhanklikheid vanaf België in 1960 het klaaglik misluk.

Bespreek hierdie stelling krities deur te verwys na die suksesse en mislukkings van die beleide wat Mobutu na onafhanklikheid ingestel het. **[50]**

### VRAAG 6: PROTESOPTOGTE IN DIE BURGERLIKE SAMELEWING VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING.

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging se doelwitte van rassetrots en selfversorgsaamheid tot die verbetering van die lewens van Swart Amerikaners in die VSA in die 1960's bygedra het. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou